# GEDRAGSKODE

## VIR LEERDERS VAN PRESIDENT BRAND PRIMÊRE SKOOL

Soos opgestel deur

President Brand Primêre Skool – Beheerliggaam

In oorleg met

Bestuurspan – Opvoeders – Leerders – Ouers

Die Gedragskode is opgestel volgens voorskrifte in:

1. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996.
2. Suid-Afrikaanse Skolewet 1996 (Wet Nr 84 van 1996).
3. Riglyne vir 'n Gedragskode vir Leerders (Kennisgewing 776 van 1998).
4. Gedragskode vir Leerders. Saamgestel in opdrag van SASOO deur SOORB.

*Niks sal 'n leerder daarvan vrystel om aan die gedragskode en skoolreëls van die skool gehoor te gee nie.*

## A. BASIESE UITGANGSPUNTE (ETIEK) TOT GEDRAGSKODE

**VLAMMIE WAARDES:**
By President Brand Primêr is dit vir ons belangrik dat leerders toegerus moet word met die volgende Vlammiewaardes ten einde hulle toe te rus vir, nie net hulle laerskooldae hier by PBS nie, maar ook wanneer hulle Hoërskool toe gaan.

- Gehoorsaamheid
- Respek
- Verantwoordelikheid
- Omgee
- Eerlikheid
- Goeie maniere
- Selfbeheersing
- Trots

**VISIE:** PBS streef daarna om elke leerder se volle potensiaal, deur gehalte opvoeding, met liefde en deernis te ontsluit.

**MISSIE:** Ons eerste verantwoordelikheid teenoor ons leerders, ouers en gemeenskap is om:

- Christelike norme en waardes te leef,
- Voortdurend gehalte opvoeding te verseker,
- Kohesie tussen ouers en skool te bewerkstellig,
- Liefde en lojaliteit vir ons land te kweek,
- ‘n Veilige en funksionele infrastruktuur te bied.

**CHRISTELIKE ETOS**
Die Bybel sal as enigste maatstaf dien by enige vorm van godsdiens beoefening deur die skool. Leerders en opvoeders sal hul te alle tye weerhou daarvan om ‘n spesifieke dogma/kerkverband te bevorder. Van elke leerder word verwag om ‘n hoë morele en etiese standaard van optrede, gedrag en taalgebruik te handhaaf.

## B. DIE GEDRAGSKODE IN PRAKTYK

### 1. DAAGLIKSE PROGRAM

**1.1 Aantree by Saal:**

1.1.1 Maandae vind saalopeninge in die saal plaas. Klasse tree aan in die vierkant onder toesig van opvoeders.
1.1.2 Daar heers absolute stilte wanneer die leerders die saal binnestap.
1.1.3 Elkeen gedra hom/haar eerbiedig vir die saalgeleentheid.
1.1.4 Wanneer die Landslied/Skoollied gesing word, staan almal op aandag.

**1.2 Toegang:**

1.2.1 Geen leerders mag die ontvangsportaal of saal as ‘n deurgang gebruik nie.
1.2.2 Leerders beweeg slegs deur die ontvangsportaal as hulle die sekretaresse moet gaan spreek.
1.2.3 Die vierkant by die personeelkamer is ook buite perke, behalwe wanneer ‘n leerder daarheen gestuur/ontbied word.

1.2.4 Geen leerder mag gedurende skoolure by die fietsafdakke kom nie, behalwe om ‘n fiets te bêre.
1.2.5 Gedurende pouses word die leerders nie in klaskamers, saal, of op die stoepe sonder verlof van ‘n opvoeder toegelaat nie.
1.2.6 Gedurende skoolure kan met leerders slegs d.m.v die kantoor kontak gemaak word.

**1.3 Voor skool en pouses:**

1.3.1 Geen rowwe speletjies mag gespeel word nie, en geen spel of enige ander aktiwiteite mag ‘n gevaar vir enige leerder, insluitend hom/haar inhou nie.
1.3.2 Groter leerders mag nie in die spel van kleineres inmeng of pla nie.
1.3.3 Daar mag nie naby enige motors gespeel word nie. Die motorafdakke is buite perke vir leerders.
1.3.4 Niemand mag sonder verlof van die prinsipaal of bestuurspanlid in beheer die terrein verlaat nie. Die uittekenboek by die kantoor moet geteken word wanneer leerders gedurende skoolure afgehaal word.
1.3.5 Alle leerders moet gedurende pouse op die skoolterrein bly en op die plekke speel, soos aan hulle toegewys.
1.3.6 Eetgoed: wanneer die klok na pouse lui, mag leerders nie verder in die klasse eet nie.
1.3.7 Geen kougom is op enige tydstip toelaatbaar nie, hetsy binne of buite die klaskamer en op die sportveld.
1.3.8 Wanneer pouse aanbreek, plaas leerders hulle tasse by die klas waar hulle na pouse sal wees.
1.3.9 Geen vuil taal of tekens mag te enige tyd gebruik word nie.
1.3.10 Na afloop van die tweede pouse word leerders versoek om ten minste een papier op die terrein op te tel en in die klas se vullismandjie te gooi.

**1.4 Afwesighede:**

1.4.1 Leerders mag slegs weens siekte of om ‘n ander grondige rede van die skool afwesig wees.
1.4.2 ‘n Leerder wat afwesig was, moet op die eerste dag wat hy weer die skool besoek ‘n brief van sy ouers bring waar ‘n rede van afwesigheid aangedui word.
1.4.3 Indien ‘n leerder langer as 2 dae afwesig is, moet ‘n doktersertifikaat ingehandig word.
1.4.4 Dit is die leerder se persoonlike verantwoordelikheid om verlore werk na afwesigheid so gou moontlik in te haal en gekontroleerde boeke (voor sy afwesigheid) af te haal.
1.4.5 Leerders wat afwesig is, moet self sorg om tuiswerk te bekom. Dit sal meehelp dat leerders voorbereid is.

**1.5 Selfone; i-pods, Mp3 spelers ens:**

1.5.1 Geen selfone, tablets, i-pods of Mp3 spelers mag gedurende skoolure, insluitende pouses, aangeskakel wees nie.

**1.6 Gedrag op die terrein:**

1.6.1 Leerders moet opstaan en hul opvoeders en ander volwassenes groet wanneer hulle verbyloop.
1.6.2 Niemand mag in die privaat eiendom van ander krap, daarmee peuter en/of dit gebruik sonder die eienaar se toestemming nie. (Opvoeders of gemagtigde persone wat ongeoorloofde eiendom soek, sal nie deur die reël aan bande gelê word nie).
1.6.3 Leerders mag nie met die terreinwerkers of terreinbestuurder geselsies aanknoop nie.
1.6.4 Geen leerder mag enige besoeker op die skoolterrein of by die hekke of die omheining te woord staan tydens pouses of in skoolure nie.

## 2. VOORKOMS

### 2.1 Skooldrag:

2.1.1 Die voorgeskrewe skooldrag moet gedurende skoolure en ander aktiwiteite/funksies, soos deur die Beheerliggaam bepaal, gedra word.
2.1.2 Wintersdrag is, met die toestemming van die bestuurspan, in die somer toelaatbaar, maar in die winter verpligtend.
2.1.3 Geen vermenging van Somers- en Wintersdrag is toelaatbaar nie. ‘n Trui of skoolwindjakker kan wel in die somer gedra word na gelang van die weersomstandighede.
2.1.4 Die Bestuurspan mag volgens sy diskresie toestemming verleen dat leerders gewone-/siviele klere/nie skooldrag aantrek by sekere geleenthede soos bepaal. By so ‘n geleentheid moet leerders behoorlik, ordentlik en welvoeglik aangetrek wees.
2.1.5 Geen tekkies mag sonder toestemming saam met formele skooldrag gedra word nie.
2.1.6 Graad 1 tot 7 leerders mag kaalvoet skooltoe kom gedurende die Somer. Op Maandae, tydens Saalopening, is skoolskoene verpligtend vir Gr 5, 6 en 7 leerders.
2.1.7 Dogters se rokke mag nie korter as 4 cm bo die knie wees nie.

### 2.2 Sportdrag:

2.2.1 Die voorgeskrewe sportdrag moet gedurende aktiwiteite/funksies, soos deur die Beheerliggaam bepaal, gedra word.
2.2.2 Elke sportsoort se voorgeskrewe kleredrag moet streng nagevolg word.
2.2.3 Geen vermenging van sportsoorte se sportdrag is toelaatbaar nie.
2.2.4 Wanneer leerders op wedstryddae die skool in sportdrag bywoon, moet hulle netjies daarin geklee wees.

### 2.3 Persoonlike Netheid (Voorkoms):

#### 2.3.1 Hare:

2.3.1.1 Die haarlinte, rekkies, bolletjies en “Alice bands” vir die dogters se hare moet in skooldrag-kleure wees, naamlik maroen of ou-goud. “Alice bands” mag ook swart van kleur wees.
2.3.1.2 Dogters se hare wat oor die oë hang, moet geknip, of weggehou word van die oë met eenvoudige haarknippies (silwer, goud, bruin of swart).
2.3.1.3 Geen permanente golwing (“perm”), kleursel of vreemde haarstyle vir beide dogters of seuns is toelaatbaar nie.
2.3.1.4 Hare wat oor die dogters se krae hang, moet glad geborsel in poniesterte of vlegsels vasgemaak word.
2.3.1.5 Seuns moet kort haarkante en agterkante hê, asook ‘n kort netjiese kuif, weg uit die oë.
2.3.1.6 Seuns wie hare “gel” se hare moet korter as 2 cm wees.

#### 2.3.2 Naels:

2.3.2.1 Geen naellak , kleurloos of gekleurd, is toelaatbaar nie.
2.3.2.2 Naels moet ook ‘n netjiese lengte hê – nie oor vingerpunte nie.

#### 2.3.3 Juwele:

2.3.3.1 Geen hangertjie of armbande, behalwe Medic-Alert, is toelaatbaar nie.
2.3.3.2 Een paar goue of silwer oorringe of bolletjies (“studs”) word uitsluitlik vir dogters slegs in ore toegelaat. Geen gekleurde steentjies, blommetjies, diertjies ensovoorts is toelaatbaar nie.

## 3. IN DIE KLASKAMER

### 3.1 Gedrag en Optrede:

3.1.1 Leerders moet betyds aanmeld en vir die volle duur van die skooldag by die skool teenwoordig wees.

3.1.2 Elke leerder moet sy/haar uiterste bes doen om die orde te handhaaf en sy/haar deel by te dra dat die werk so vinnig moontlik kan vlot en geen ontwrigting veroorsaak nie.

3.1.3 Leerders staan buite die klaskamer totdat hulle beveel word om in te stap. Hulle bly staan totdat die opvoeder hulle vra om te sit.

3.1.4 Opdragte deur opvoeders moet stiptelik en sonder uitsondering uitgevoer word.

3.1.5 Klasreëls , wat in ooreenstemming met hierdie Gedragskode en Skoolreëls is, verskyn in elke klas. Oortreding daarvan is so goed soos oortreding van hierdie Gedragskode en Skoolreëls.

3.1.6 Niemand mag optree dat ‘n ander se menswaardigheid gekrenk word nie. Dissiplinering beteken nie dat die getugtigde se menswaardigheid aangetas word nie.

3.1.7 Slegs boeksakke wat behoorlike beskerming aan boeke verleen is toelaatbaar. Geen slagspreuke of enige gekrap word op die boeksakke toegelaat nie.

3.1.8 Alle boeke moet oorgetrek word soos voorgeskryf. Boeke moet netjies gehou en opgepas word. Beskadigde en verlore boeke sal deur ouers vervang word.

3.1.9 Geen Assessering (Skriftelike Evaluerings ingesluit) kan vooraf, soos op die rooster bepaal, geskryf word nie. Leerders se punte vir sodanige werk word buite rekening gelaat wanneer die Algehele Vlak of punt bepaal word.

3.1.10 Leerders wat sonder ‘n skriftelike, grondige rede nie ‘n Assessering skryf nie, sal op ‘n Vlak 1 vir die betrokke Assessering geplaas word. Indien die afwesigheid wettig was en aanvaar word, sal die leerder die dag met terugkoms die betrokke Assessering inhaal/skryf.

3.1.11 Leerders mag slegs die klaskamer met toestemming van die betrokke opvoeder verlaat. ‘n Toestemmingskaartjie sal aan so ‘n leerder gegee word. Geen leerder mag gedurende klastyd sonder sodanige kaartjie rondloop nie.

3.1.12 Leerders ontmoet hul ouers na skool buite die terrein en word dus nie by die klaskamer deur ouers ingewag nie (Grade 1 en 2 uitgesluit).

### 3.2 Akademie:

3.2.1 Elke leerder moet in besit wees van ‘n huiswerkboek waarin alle tuiswerk en boodskappe aan ouers van persoonlike aard geskryf word.

3.2.2 Alle huiswerk moet stiptelik uitgevoer word. Verskonings (tot die minimum beperk) moet skriftelik deur ‘n ouer aangebied word.

3.2.3 Werk wat deur ouers onderteken moet word, moet so spoedig moontlik na uitdeling terug wees by die skool.

## 4. BUITE DIE KLASKAMER

### 4.1 Geboue en Terrein/Skooltoerusting:

Leerders moet te alle tye die nodige eerbied en respek teenoor die geboue, toerusting en veral die klaskamer, betoon. Geen rommelstrooi van enige aard is toelaatbaar nie. Daar sal van leerders verwag word om die Fauna en Flora op die skoolterrein te beskerm en te bewaar.

### 4.2 Sport-, Kultuur- en Skoolbetrokkenheid:

4.2.1 Daar word van elke leerder verwag om met sy/haar Godgegewe talente op die kultuurakker en sportveld te woeker.

4.2.2 Van elke leerder word verwag om aan ten minste een kultuuraktiwiteit en een sportaktiwiteit deel te neem.
4.2.3 Leerders moet betyds wees vir buitemuurse aktiwiteite. Meld 10 minute voor aanvang van aktiwiteit aan. Leerders wat nie aan buitemuurse aktiwiteite deelneem of by die namiddagsorg betrokke is nie, mag onder geen omstandighede op die skoolgronde ronddrentel nie. Dit geld ook vir leerders wat wag om aan hulle aktiwiteit deel te neem. Leerders gaan dus huis toe of is in die namiddagsorg klas. NB! Dit voorkom ongerymdhede.
4.2.4 Indien ‘n leerder om een of ander rede nie by sy/haar buitemuurse bedrywighede teenwoordig kan wees nie, moet hy/sy verskoning aanbied by die betrokke afrigter/offisier/verwante persoon.

**4.3 Verkeersreëls en Vervoermiddels:**
4.3.1 Leerders sal te alle tye in en om die skool verkeersreëls nakom.
4.3.2 Geen leerder mag met sy/haar fiets op die terrein ry nie.
4.3.3 Fietse word in die fietshokkies op eie risiko geplaas en moet met toesluitapparaat aan die struktuur toegesluit word. Nadat ‘n fiets gesluit is moet die leerder dadelik van die fietsafdakke padgee.

**4.4 Gedrag van leerders teenoor opvoeders:**
4.4.1 Leerders moet hul opvoeders beskou as hul leermeesters en raadgewers, mense wat altyd bereid sal wees om aan hulle leiding te gee.
4.4.2 Leerders moet die gesag van die opvoeders aanvaar en hul met respek behandel.

**4.5 Gedrag en optrede van leerders:**
4.5.1 Ons sien na ons seniors op om goeie orde, gees en tradisie van ons skool na te kom. Van alle leerders word verwag om mekaar onderling te ondersteun en aan te moedig op verskillende terreine van die skoollewe.
4.5.2 Leerders moet hulself altyd en oral so gedra dat die goeie naam van ons skool hoog gehou word.
4.5.3 Leerders moet die leerderraad te alle tye gehoorsaam, hulle gesag aanvaar en hulle met respek behandel.

**4.6 Beserings of siektes tydens skoolure:**
4.6.1 Indien ‘n leerder gedurende skoolure beseer raak, of siek word, moet dit onmiddellik by die kantoor gerapporteer word.
4.6.2 So ‘n leerder mag slegs met die ouers se toestemming by die skool gehaal word deur iemand anders as ouers.
4.6.3 Geen leerder mag self huis toe bel wanneer hy/sy siek is nie. Dit word met die registerklasopvoeder se medewete deur die kantoor gereël.
4.6.4 Leerders word slegs met ‘n briefie van die opvoeder na die siekekamer gestuur.
4.6.5 Leerders word slegs met ‘n briefie van die opvoeder na die sekretaresse gestuur word vir medisyne.

**4.7 Klaswisseling**
4.7.1 Gedurende klaswisseling beweeg die leerders flink in rye na die volgende klas (volgens die prosedure wat by elke klas opgeplak is).
4.7.2 Niemand mag tydens klaswisseling die kleedkamer besoek nie. Wag by die volgende klas en kry toestemming by die opvoeder.

## C. Dissipline Stelsel

| DISSIPLINE - OORTREDINGS | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | **VLAK 2** | **VLAK 3** |
| 1. Swak gedrag tydens saal/aantree/klaswisseling | 1. Rommel strooi in klasse/terrein | 1. Oneerlikheid tydens toetse/eksamen |
| 2. Huiswerk nie gedoen/onvolledig | 2. Erge ontwrigtende gedrag/stel self of ander in gevaar | 2. Vloek of kru taalgebruik |
| 3. Dagboek/boeke/skryfbehoeftes nie by skool nie. | 3. Ignoreer patpatrollie/verkeersreëls by skool | 3. Diefstal/in besit van gesteelde goedere |
| 4. Laat vir klas/verlaat klas sonder toestemming | 4. Herhaalde laat kom by verskeie klasse | 4. Herhaalde boelie of viktimisering van leerders |
| 5. Boeke of opdragte nie ingehandig soos verwag | 5. Verbale boelie gedrag teenoor ander leerders. | 5. Rassisme/Seksisme |
| 6. Oortree skoolreëls - hare /skooldrag/dra ander items | 6. Ondermyning van gesag / disrespekvol | 6. Bakleiery - gebruik van fisiese geweld/aanranding |
| 7. Oortree klas- en terreinreëls | 7. Gebruik van selfoon, tablet, ipad, MP3 in skooltyd | 7. In besit van pornografiese materiaal |
| 8. Toetse/vraestelle nie geteken nie | 8. Aggressiewe gedrag teenoor leerders/personeel. Intimidasie. | 8. In besit of gebruik van alkohol, narkotiese middels. dwelms, sigarette of onder die invloed daarvan. |
| 9. Onbedagsame/onwelvoeglike optrede teenoor ander | 9. Afwesig sonder verlof van die skool | 9. Beskadig skooleiendom. Vandalisme. |
| 10. Ongehoorsame optrede – algemeen | 10. Swak gedrag in badkamers | 10. In besit van enige gevaarlike voorwerpe of items wat as gevaarlike wapen gebruik kan word. |
| 11. Ander – oortreding in kolom aangedui | 11. Ander - oortreding in kolom aangedui | 11. Ander - oortreding in kolom aangedui |
| **OPTREDE** | | |
| 4 OORTREDINGS: GEDRAGSFASILITERING(HOOF) | 2 OORTREDINGS: GEDRAGSFASILITERING(HOOF) | 1 OORTREDINGS: GEDRAGSFASILITERING(HOOF) |
| 5 OORTREDING: EERSTE BRIEF AAN OUERS | 3 OORTREDINGS: EERSTE BRIEF AAN OUERS | 2 OOTREDINGS: EERSTE BREIF AAN OUERS |
| 6 OORTREDINGS: DETENSIE 1 (Pouses) | 4 OORTREDINGS: DETENSIE 1 (Pouses) | 3 OORTREDINGS: DETENSIE 1 (Vrydae) |
| 9 OORTREDINGS: BRIEF NA OUERS | 6 OORTREDINGS: BRIEF NA OUERS | 4 OORTREDINGS: BRIEF NA OUERS |
| 10+ OORTREDINGS - ONDERHOUD MET OUERS EN DETENSIE 2,3,4,5,6 MET ELKE 4 OORTREDINGS | 10+ OORTREDINGS - ONDERHOUD MET OUERS EN DETENSIE 2,3,4,5,6 MET ELKE 4 OORTREDINGS | 5+ OORTREDINGS – ONDERHOUD MET OUERS DETENSIE 2, 3, 4, 5, 6 MET ELKE OORTREDING |

Die dissiplinêre stelsel is daarop gerig om leerders sinvol te dissiplineer, sekere gedrags tendense te identifiseer en om ook rekord te hou van leerders se positiewe bydraes in terme van akademie, gedrag en voorkoms.

**1.1 STRAFMAATREëLS:**

**1: DETENSIE:**

Detensiesessies word waargeneem deur personeellede. Interne klasdissipline word sover moontlik deur die klasopvoeder self waargeneem en bestuur. Skriftelike rekord word gehou van gedrag oortredings.

**2: TUGVERHORE.**

**3: TYDELIKE OPSKORTING VAN KLASBYWONING / BUITEMUURS.**

**4: AANSOEK OM UITSETTING.**

Opsies 2, 3 en 4 sal slegs oorweeg word indien dit blyk dat die leerder nie positief reageer op ander strafmaatreëls nie. Dit sal voorafgegaan word deur ’n proses van uitgebreide onderhandeling met alle betrokke partye en in ooreenstemming met die bepalings van die S.A. Skolewet en alle ander statutêre bepalings.

**1.2 TUGKOMITEE:**

- Voorsitter van die Beheerliggaam.
- Ondervoorsitter van die Beheerliggaam.
- Skoolhoof.
- Adjunkhoof.
- Leerderraadvoog.

**D. OORTREDINGS WAT TOT SKORSING EN UITSETTING MAG LEI**

Sou dit blyk dat ‘n leerder nie positief reageer op strafmaatreëls nie, kan daar oorgegaan word tot tydelike opskorting van die bywoon van klasse en/of ander skoolbedrywighede en die uiteindelike skorsing, ooreenkomstig die bepalings van die SA Skolewet. Hieroor sal die Bestuurspan/Tugkomitee besluit.

Die volgende strafmaatreëls mag toegepas word:

1. Berading met leerder
2. Waarskuwing
3. Berading met ouers
4. Finale waarskuwing
5. Herstel van skade
6. Akademiese strafwerk
7. Tydelike uitsluiting
8. Strawwe soos bepaal deur die Bestuurspan. Na herhaalde beradingsessies en waarskuwings mag permanente uitsluiting van toepassing wees.

**E. KOMMUNIKASIEKANALE, GRIEWEPROSEDURE EN BEHOORLIKE REGSPROSES**

Alle opvoeders by die skool sal oor dieselfde regte as ‘n ouer beskik om ‘n leerder ingevolge hierdie Gedragskode en Skoolreëls te beheer en te dissiplineer gedurende die tyd wat die leerder die skool, asook enige klas, skoolfunksie, skooluitstappie of skoolverwante aktiwiteite bywoon.

Die SA – Skolewet en hierdie Gedragskode bemagtig skoolowerhede om leerders te dissiplineer, maar dit is buite die Wet en Gedragskode om hierdie bevoegdheid aan medeleerders te delegeer. Leerders is vennote met ander leerders, en kan slegs in

toesighoudende kapasiteit / ampte aangewend word, want hulle is nie as sulks in beheer van die skool nie.

**1. KOMMUNIKASIE EN GRIEWEPROSEDURE**

1.1 Enige leerder of ouer/voog het namens die leerder wat gegrief voel oor die optrede deur ‘n ander leerder, ‘n opvoeder of enige ander persoon verbonde aan die skool, die reg om sy / haar grief te lug deur na die Hoof van die betrokke Graad te gaan.

1.2 Indien ‘n leerder voel dat hy / sy onregverdig of verkeerdelik behandel is deur ‘n opvoeder of Hoof van die Graad, het hy die reg tot appèl direk na die Prinsipaal of Adjunkhoof met of sonder die tussenkoms van sy ouers.

1.3 Indien die saak nog nie opgelos is nie, mag hy / sy die saak by die Voorsitter van die Beheerliggaam, deur die tussenkoms van sy ouers aanhangig maak.

1.4 In uiterste gevalle, waar die saak nie intern opgelos kan word nie, mag daar geappelleer word na die Onderwysdepartement, en wel deur gebruik te maak van hul eiesoortige lynfunksie.

1.5 Net die Hoofseun en Hoofdogter mag die Prinsipaal nader vir ‘n vreedsame samekoms van leerders om ‘n saak van gemeenskaplike belang te bespreek. Alle besluite geneem tydens so ‘n byeenkoms word, met die tussenkoms van die Prinsipaal, direk na die Beheerliggaam vir ‘n finale beslissing verwys.

1.6 Alle besluite geneem op ‘n leerderraadvergadering word na die Bestuurspanvergadering verwys vir die beslissing en / of verder na die Beheerliggaam.

1.7 Ouers word versoek om die lynfunksie te volg, maar het altyd die reg om die Prinsipaal te kontak.

**2. BEHOORLIKE REGSPROSES**

Hierdie dokument is ter insae in die kantoor.

**3. ERNSTIGE WANGEDRAG EN DIE WET**

Ernstige wangedrag wat oortredings ingevolge die wet kan insluit, moet deur die polisie ondersoek word en indien nodig, na ‘n hof verwys word. Ernstige wangedrag moet hanteer word volgens die regeringskennisgewing en regulasies wat deur die Lid van die Uitvoerende Raad in die Provinsiale Koerant van die betrokke provinsie uitgevaardig is.

## Kleredrag

PBS se leerders is die advertensie van die skool en daarom is dit baie belangrik dat hulle te alle tye netjies sal vertoon. As ons leerders trots is op hulle skool sal hulle ook trots wees op hulle skooldrag.

**Somersdrag:**

**Formele drag:** Maanda, Woensdae en Vrydae. (Word in die eerste en vierde kwartale gedra.)

**Dogters:** Maroen rok met ougoud kraag. Rokke mag nie korter as 4 cm bo die knieg wees nie. Dogters mag 'n ski pant onder die rok dra maar die ski pant mag nie onder die rok uitsteek nie. Sorg dus dat u dogter se rok lank genoeg is.

**Seuns:** Grys kortbroek met wit hemp. Hemp is netjies ingesteek by broek.

*Wanneer leerders op uitstappies gaan MOET hulle skoene dra by hulle skooldrag. Dogters wit kort kouse. Seuns Grys PBS lang kous met maroen en blou strepie.*

**Sportdrag:** Dinsdae en Donderdae: Maroen PBS kortbroek en PBS hempie met moue (nie atletiekfrokkie nie)

Wanneer leerders op uitstappies gaan MOET hulle tekkies dra by hulle sportdrag. Seuns en dogters dra wit kort kouse by hulle tekkies.

**Wintersdrag:**

**Formele drag:** Maandae, Woensdae en Vrydae: (Wintersdrag mag vanaf die begin van 2de kwartaal gedra word maar is verpligtend vanaf 1 Mei. Sorg dus reeds tydens die April vakansie dat u kind se wintersdrag in orde is. LET WEL: Gr 1 tot 3 leerders het gedurende die Winter 'n keuse tussen formele Wintersdrag en die skool sweetpak.

**Dogters:** Maroen langbroek, Wit langmouhemp, ***DAS***, trui en PBS baadjie. Wit kousies en skoene.

**Seuns:** Grys langbroek, Wit langmouhemp, ***DAS***, trui en PBS baadjie. Grys kouse (PBS kous met maroen en blou strepie) en skoene.

**Sportdrag:** Dinsdae en Donderdae: PBS skoolsweetpak met PBS sporthempie met moue (nie atletiekfrokkie nie). Leerders kan ook 'n koningsblou PBS fleece top onder hul sweetpak aantrek. Kort wit kouse en tekkies.

Geen bont lang mou hemde mag onder die sporthempie aangetrek word nie.

Onder geen omstandighede mag sport- en formele drag gemeng word nie. Leerders mag bv nie 'n sweetpakbroek by hulle wit hemde aantrek of 'n sweetpaktop in plaas van die PBS baadjie nie. Onder geen omstandighede mag skoolskoene by sweetpakke aangetrek word nie.

**Hare:** Dogters se hare moet asb netjies vas wees met maroen of ougoud (NIE GEEL NIE) rekkies of alice bands. Knippies is dieselfde kleur as die hare of silwer.

Ons doen 'n beroep op u as ouer om u kind met die korrekte skooldrag op die betrokke dae skool toe te stuur ten einde 'n trots by die kinders te skep vir ons pragtige skool.

## d6+ Connect

**Aangesien ons d6+ Connect gebruik**, moedig ons alle nuwe ouers aan om die d6+ so spoedig moontlik af te laai en te gebruik. Dit is die skool se kommunikasie middel na u as ouer vir nuus en belangrike inligting.

Vervolgens net sekere belangrike aspekte:

### 1. Hoe laai ek die d6+ Connect af?

1.1 Installering op rekenaar:

Die installering van die d6 is baie eenvoudig.
Om d6+ Connect af te laai op Windows, volg die volgende stappe:

- besoek die webwerf https://d6.co.za/education/downloads/
- Kliek op die “Download Windows App” opsie
- Wanneer gevra word of die dokument moet “Run or Save”, kliek “Save” en kliek daarn op “Run”
- Sodra die Toep. geïnstalleer is, kan u inteken.

Om d6+ Connect af te laai op Mac Rekenaar, volg die volgende stappe:

- besoek die webwerf https://d6.co.za/education/downloads/
- Kliek op die “Download Macintosh App” opsie
- Volg die instruksies vir die installasie
- Sodra die Toep. Geïnstaleer is, kan u inteken.

1.2 Installering op mobiele toestelle (selfone, i-pads, tablette):

Om d6+ Connect af te laai op Android, volg die volgende stappe:

- Besoek die Google Play Store
- Soek vir “d6 Connect”
- Kliek op die “Install” knoppie
- Sodra die program geïnstalleer is, kan u inteken

Om d6+ Connect af te laai op iPhone/iPad, volg die volgende stappe:

- Besoek die iTunes App Store
- Soek vir “d6 Connect”
- Kliek op die “Get” knoppie
- Sodra die program geïnstalleer is, kan u inteken

### 2. Watter invloed het die d6 op my rekenaar?

Die d6 Connect is 'n liggewig applikasie en behoort geen noemenswaardige invloed op jou rekenaar te hê nie. In sommige gevalle sal jy dalk net jou anti-virus of “firewalls” moet verstel om die d6 Connect te laat werk.

### 3. Bandwydte / Datagebruik

Die d6 Connect gebruik ongeveer oor 30MB data per maand. Dit sal 'n bietjie wissel van maand tot maand, afhangende van hoe dikwels die inhoud opgedateer word, maar sal nooit buitensporig wees nie. Die meeste data sal egter gebruik word as u al die dokumente, bronne, foto’s en so meer aflaai/ontvang.

**4. Privaatheid**

Enige persoonlike inligting wat op die d6 Connect (insluitend jou registrasie besonderhede) is, word absoluut privaat hanteer. Dit mag slegs gebruik word deur die skool en sal nie verkoop of gedeel word met 'n derde party nie. Die d6 Connect word beskerm teen ongemagtigde toegang om sodoende jou besonderhede se privaatheid te verseker.

**5. Algemeen**

As skool sal ons dit waardeer as al ons ouers hierdie program aflaai, sodat die kommunikasie tussen die skool en die huis versterk en vergemaklik kan word. Dit sal ook koste-effektief vir die skool (en u as ouers) wees, aangesien dit die begroting op fotostaatwerk van briewe aansienlik sal verminder. Hierdie stelsel sal ook verseker dat boodskappe en belangrike afkondigings vinnig en maklik by u as ouers uitkom.

**KARRI APP**

Ons besef dat kontant-betalings vir uitstappies en ander skoolaktiwiteite tydrowend en frustrerend vir u as ouers kan wees. Die proses om die presiese bedrag kontant te vind en dit dan in ’n koevert te plaas, sodat u kind dit uiteindelik aan die klasonderwyser kan gee, is ‘n ongerief. Dikwels is dit ook moeilik om te onthou watter aktiwiteit op watter dag plaasvind en ons wil graag verwarring uitskakel.

Ons is dus opgewonde om aan te kondig dat ons 'n nuwe betalings-toepassing gaan integreer wat sal help om hierdie kwessies te verlig. Die naam van hierdie oplossing is **Karri Payments** (In Venda beteken hierdie woord *kleingeld*). Hierdie toepassing (*Application*) is voordelig vir beide die klasonderwyser en die ouers, want om kontant op ons perseel te hê, is voortdurend ‘n kommer, dit is ook 'n veiligheidsrisiko en 'n las vir ons personeellede.

Die rede waarom u as ouer voordeel sal geniet, is omrede u maklik ‘n betaling kan maak met die druk van 'n knoppie. Dit sal ook die verantwoordelikheid van u kind wegneem, deur nie voortdurend kontant vir verskeie aktiwiteite aan hul klasonderwysers te lewer nie.

*Karri Payments* is 'n innoverende mobiele betalingstoepassing waarmee jy vinnige betalings vir skoolaktiwiteite op jou selfoon kan maak. Hierdie toepassing (App) kan met enige Suid-Afrikaanse bank integreer en is POPI (Protection of personal Information) in ooreenstemming met streng interne maatreëls om veiligheid en sekuriteit ten alle tye te verseker. Ons het 'n kontraktuele ooreenkoms met Karri Payments aangegaan om te verseker dat alle terme en voorwaardes gehandhaaf word. Karri word deur Nedbank bestuur wat ook ‘n versekering bied dat alle relevante veiligheidsmaatreëls vir alle transaksies in plek gestel word.

U sal ‘n e-pos en sms ontvang wat u vra om die toepassing (App) af te laai. Nadat u die toepassing (App) afgelaai het, moet u asb. ‘n profiel skep (Sign Up). Skep u profiel met dieselfde e-pos adres wat die skool gebruik om met u te kommunikeer. Indien u reeds ‘n Karri gebruiker is (‘n kind in ander skool wat Karri gebruik) dan kan u net inteken. Ons het inligting oor die produk aangeheg, asook die stappe wat nodig is om die toepassing (App) af te laai.

Let asseblief daarop dat die program nie die tradisionele betaling van u kind se skoolfonds sal vervang nie, dit bly dieselfde. As ouer, sal u geen koste van *Karri Payments* dra nie.

Vir meer navrae of inligting, besoek asseblief die Karri-webwerf by www.karri.co.za.